

Dien God: Leiers en ondergeskiktes (OP117)

Heb 13:17-25

19 Februarie 2023

In Heb 12:28 het die skrywer, nadat hy in die voorafgaande verse beskryf het hoe groot die voorregte van gelowiges is, en ook hoe groot hulle verantwoordelikhede is, die punt bereik waar hy sy lesers opgeroep het dat hulle God dankbaar moet dien op 'n wyse wat vir God welgevallig is, met eerbied en ontsag. In Heb 13:1-6 het ons van 5 praktiese maniere geleer waarin gelowiges God kan dien op 'n wyse wat vir Hom welgevallig is. Hierdie 5 maniere is: (1) Ons moet volhard in broederliefde, (2) ons moet gasvry wees, selfs teenoor vreemdelinge, (3) ons moet aan gevangenes dink deur vir hulle te bid, hulle te besoek en hulle te versorg, (4) ons moet die huwelik eerbaar hou met ons huwelikke streef na dit wat God daarmee wil bereik, en (5) ons moet tevrede wees met wat ons het en ons vertrouwe stel in God as ons Helper.

In Heb 13:7-14 het die skrywer 'n argument geformuleer weereens met die doel om ons aan te spoor om God te dien. Die argument was kortliks die volgende: Ons moet uit die geloofsvoorbeeld van ons afgestorwe leiers, wat tot die einde van hulle lewens getrou was, leer. Ons moet onthou dat hulle ons uit God se Woord geleer het dat Jesus Christus gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde bly – immers is Hy die Middelaar van die nuwe verbond, en hierdie verbond is 'n ewige verbond. Baie mense gaan Hom egter ontken, en vasgryp aan allerlei vreemde leringe. Ons moet egter vashou aan die offer wat Jesus aan die kruis gebring het – dit is ons offeraltaar, en ons moet daarom offers van dank bring. Immers het Jesus eenmalig die perfekte reinigingsoffer vir ons sondes gebring – buite die tempel en buite die stad – soos wat die reinigingsofferdier se liggaam buite die laer verbrand is, en na Sy opstanding het Hy opgevaar na die hemel toe – soos wat die bloed van die offerdier in die Allerheiligste ingeneem is. Hiermee is die skadu's van die ou verbond tempel en stad opgehef, en daarom gaan ons ook daaruit, saam met Jesus, op pad na die hemelse Jerusalem. Met hierdie argument as motivering, word ons in verse 15-16 opgeroep om voortdurend lofoffers aan God te bring met ons lippe, en ons daad moet offers wees wat van goedheid en mededeelsaamheid getuig – God het behae in sulke offers.

Ons is besig om die einde van die Hebreërboek te nader. Ek vermoed vandag is die tweede laaste keer wat ons in hierdie boek sal spandeer. Ek wil vandag stilstaan by Heb 13:17-25. Ek gaan egter net kortliks na verse 20 en 21 verwys – dit is die gebed van die skrywer vir sy lesers. Ek wil graag volgende keer in diepte na hierdie verse kyk. Vandag staan ons dus stil by die res van verse 17-25. In hierdie verse word verskeie sake aangespreek. Ek wil die inhoud van die verse egter steeds bespreek onder die tema van: Diens aan God. In hierdie verse leer ons heelwat oor die rol van leiers en ook die rol van ondergeskiktes in 'n gemeente. Albei partye se rolle is deel van diens waarin God behae het.

Inleidend wil ek net die volgende uitlig: Streng gesproke was die Hebreërskrywer heelwaarskynlik nie formeel aangewys as 'n leier van die Hebreërs nie – wat ek hiermee bedoel is dat hy heelwaarskynlik nie aangewys was as 'n ouderling van die gemeente nie. Dit is egter duidelik uit die boek se inhoud dat hy op hoogte was met die situasie in die gemeente, en dat hy hom geroepe gevoel het om die situasie aan te spreek. Ons sien iets soortgelyks by Petrus. In 1 Pet 1:1 lees ons dat Petrus skryf aan die vreemdelinge in die Diaspora – in Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bitinië. In 1 Pet 5:1 skryf Petrus egter dat hy, as 'n mede-ouderling, 'n beroep doen op die ouderlinge onder die gelowiges in hierdie streke. Die punt is dit: al was Petrus nie formeel 'n ouderling in elkeen van hierdie gemeentes nie, het hy homself beskou as 'n mede-ouderling en het dus belang gehad om as ouderling onder hulle op te tree. Toegegee, Petrus was 'n apostel, en as apostel het hy ook die verantwoordelikheid

gehad om as leier in hierdie gemeentes op te tree. Daarteenoor, is ons nie presies seker wie die Hebreërskrywer was nie, miskien was hy een van die apostels. Maar dit is duidelik dat hy noue kontak met die Hebreërs gehad het, en miskien was hy selfs op 'n stadium wel 'n leier in hulle midde. Hoe dit ook al sy, dit blyk dat hy soortgelyk aan 'n mede-ouderling optree. In vandag se taal sou ons kon sê, hy was iets soos 'n besoekende prediker vir die gemeente, miskien selfs 'n besorgde teologiese professor wat hom oor hierdie gemeente ontferm het.

Ons gaan eerstens stilstaan by 5 rolle van leiers wat uit hierdie verse na vore kom, en daarna by 3 rolle van die ondergeskiktes. Die doel is dat God welgevallig gedien sal word deur die leiers en die ondergeskiktes wanneer hierdie rolle vervul word.

Rol van geestelike leiers

1. **Leiers moet 'n navolgingswaardige voorbeeld stel (Heb 13:7, 18):** Lees Heb 13:7. Ons het laasweek al na hierdie vers gekyk. Die punt wat ek vir vandag se bespreking wil uitlig, is dat gelowiges opgeroep word om die geloof van hulle afgestorwe leiers in gedagte te hou, asook die einde van hulle lewensloop. Dit beteken tog dat hierdie leiers, toe hulle nog geleef het, sodanig moes geleef het dat hulle geloof 'n voorbeeld vir die gelowiges kon wees. Hiermee saam moes hulle volhard in hulle geloof, selfs tot die einde van hulle lewens – hierdie volharding moes ook as voorbeeld dien van hoe gelowiges ook end-uit moet volhard. Lees Heb 13:18. Hierdie vers onderstreep ook dat leiers navolgingswaardig moet optree. Die skrywer sê dat hy oortuig is hy het 'n skoon gewete. Die rede hoekom hy 'n skoon gewete het, is omrede hy in alles daarna streef om eerbaar te leef. Ons lees iets soortgelyks op ander plekke in die Nuwe Testament:
 - a. In 1 Pet 5:3 roep Petrus sy mede-ouderlinge op dat hulle as voorbeeld vir die kudde moet dien oor wie hulle aangestel is.
 - b. In 1 Tim 4:12b skryf Paulus aan Timoteus en sê “.... wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in gedrag, in liefde, in betroubaarheid, in reinheid”.
 - c. In 2 Tim 3:10 sê Paulus dat Timoteus hom inderdaad nougeset nagevolg het in leer, lewenswandel, voorneme, geloof, geduld, liefde en volharding, selfs in vervolging en lyding.

Ek glo dit is duidelik: geestelike leiers moet voorbeelde wees vir hulle volgelinge. Hulle navolgingswaardige voorbeeld strek baie verder as net wat hulle leer – dit sluit hulle gedrag en lewenswandel in, dit sluit hulle emosies in soos hulle liefde en geduld, dit sluit hulle betroubaarheid en volharding in – selfs wanneer dit swaar gaan tydens periodes van vervolging en lyding.

2. **Leiers moet waak oor die siele van die gelowiges (Heb 13:17):** Lees Heb 13:17. Leiers het die verantwoordelikheid om te waak oor die siele van die gelowiges wat aan hulle toevertrou is, en hulle sal rekenskap moet gee oor wat hulle met hierdie verantwoordelikheid gedoen het. Weereens onderstreep Petrus dieselfde rol. Lees 1 Pet 5:2-3. Leiers moet soos herders die kudde versorg en toesig hou. Vers 4 beskryf Jesus as die Groot Herder. Die menslike leiers in gemeentes is dus “onderherders” onder Jesus as die Groot Herder. As herder beteken dit die leiers moet bewus wees van wat die moontlike gevare is vir die kudde. So 'n herder moet ook weet wat die stand van weerbaarheid van sy kudde is teen hierdie gevare. Boonop moet hy goeie insig hê in wat God se wil vir die kudde is. Met dit alles in gedagte moet die leier of herder nou die kudde verantwoordelik versorg en lei. Dink maar aan die Hebreërskrywer: Hy het verstaan wat die gevare vir die Hebreërs was – hulle het gewik en weeg of hulle moet terugkeer na die Joodse geloof. Hy het geweet

dat hulle traag geword het om te leer (Heb 5:11), maar hy het ook geweet van hulle arbeid en liefde (Heb 6:10), en dan gebruik hy al hierdie kennis om hulle aan te spoor. Hy is juis besorgd oor hulle siele.

Petrus gaan in 1 Pet 5:2-3 voort en sê dat leiers hierdie rol vervul nie uit plig nie – maar vrywillig. Hulle doen dit nie in 'n soeke na 'n vorm van wins nie. Hulle doen dit nie baasspelerig nie. Hulle doen dit wel geesdriftig. Hierdie is 'n mondvul: Leiers moet besorgd wees oor die siele van hulle kudde. Hulle doen dit vrywillig en geesdriftig – sonder om baas te speel of erkenning te soek. Dit is alleen iemand wat deur God geroep is, wat hierdie taak op hierdie wyse sal verrig. Boonop sê Heb 13:17 hulle sal rekenskap moet gee van wat hulle met hierdie rol gedoen het. God sal die inhoud van hulle werk as leiers oordeel, asook die manier waarop hulle dit verrig het. Maar daar is ook heerlike loon in vir die leiers wat hulle verantwoordelikheid met erns hanteer: “En wanneer die Groot Herder verskyn, sal julle die erekrans van heerlijkheid ontvang, wat nooit sal verwelk nie.” (1 Pet 5:4) Ja, die leiers moet besorgd wees oor die ewigheidsbestemming van hulle kudde, maar dit hou ook die moontlikheid in van 'n ewige loon – 'n erekrans van heerlijkheid wat nooit sal verwelk nie.

- 3. Leiers is afhanklik van gebed (Heb 13:18-19, 20-21):** Lees Heb 13:18. Die Hebreërskrywer vra vir sy lesers dat hulle vir hom sal bid. Al het die skrywer deur die loop van die boek soveel insig getoon in groot onderwerpe, al het hy dit so goed en logies beredeneer, verstaan hy nog steeds sy eie swakheid. Hy verstaan hy is ook maar net soos Paulus 'n kleipot met 'n skat in (2 Kor 4:7). Die skat wat hy leer, is weliswaar kosbaar, maar hy is 'n swak, breekbare kleipot. Hy is nie huiwerig om te vra dat selfs die persone aan wie hy skryf en wat hy by verskillende geleenthede skerp aangespreek het, te vra om vir hom te bid nie. Hy is nie bekommerd dat hulle sal dink hy is 'n swakkeling as hulle vir hom moet bid nie – want dit is presies wat hy is: 'n swak kleipot! Wat hy ook in gedagte hou is wat hy sy lesers in Heb 4:16 geleer het: “Laat ons dan met vrymoedigheid die troon van genade nader, sodat ons ontferming en genade kan ontvang om op die regte tyd gehelp te word.” Hy is oortuig dat hy besig is om die regte ding te doen met 'n goeie gewete en op 'n eerbare manier – maar steeds het hy God se genade nodig, en sy lesers moet daarvoor bid. Hy skroom ook nie om vir hulle te vra om vir 'n spesifieke saak te bid nie – lees Heb 13:19. Hy wil graag die Hebreërs binnekort besoek – en vra dus dat hulle veral hiervoor moet pleit in hulle gebede.

Maar daar is nog 'n aspek van gebed wat leiers in gedagte moet hou. Nie net verstaan hulle dat hulle afhanklik is van die gebede van hulle kudde nie, hulle verstaan ook dat die kudde afhanklik is van die gebede van hulle leiers. Lees Heb 13:20-21. In hierdie verse het ons 'n heerlike gebed van die skrywer vir sy lesers. Soos ek vroeër gesê het, gaan ons nie nou in detail by hierdie gebed stilstaan nie – ek wil dit graag volgende keer in detail oordink. Maar ons moet raaksien dat leiers 'n groot verantwoordelikheid het om vir die kudde te bid.

- 4. Leiers moet God se Woord verkondig (Heb 13:22):** Lees Heb 13:22. In hierdie vers pleit die skrywer by sy lesers dat hulle tog sy boodskap van aansporing moet aanvaar. Die “boodskap van aansporing” waarna hy verwys, is die Hebreërboek. Hy noem dit 'n boodskap van aansporing. Ons het gesien hoe hy herhaalde male sy lesers aangespoor het: “Daarom moet ons soveel te meer aandag gee aan dit wat ons gehoor, sodat ons nie dalk wegdryf nie” (Heb 2:1). “Laat ons daarom versigtig wees, terwyl die belofte om in Sy rus in te gaan, nog bly staan, dat dit nie mag blyk dat een van julle agtergebly het nie” (Heb 4:1). “Laat ons styf vashou aan ons belydenis” (Heb 4:14) “Laat ons daarom ingaan met 'n opregte hart, in volle geloofsekerheid, met ons harte besprinkel, vry van 'n slegte gewete, en ons liggame gewas met skoon water” (Heb 10:22). “Daarom, terwyl ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang,

laat ons dankbaar wees en God daardeur op 'n welgevallige wyse dien, met eerbiedige onderworpenheid en ontsag (Heb 12:28)". En daar is nog baie meer.

Dit is opvallend dat die skrywer in Heb 13:22 sê dat hy kortliks vir hulle geskryf het. Vandag is ons 47ste preek uit die Hebreërboek. Is dit kortliks? Op verskeie plekke in die boek het die skrywer laat blyk dat daar baie meer is wat gesê kon word: Heb 5:11 - "Hieroor (d.i. Jesus as Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek) het ons baie om vir julle te sê wat moeilik is om te verduidelik, aangesien julle traag geword het om te luister", Heb 9:5b - "Hieroor (d.i. die besonderhede van die Ou Testamentiese tabernakel) kan ons egter nie nou in besonderhede praat nie", Heb 11:32 - "En wat moet ek nog meer sê? Want die tyd sal my ontbreek om te vertel van Gideon, Barak, Simson, Jefta, Dawid en ook van Samuel en die profete". Ja, die Hebreërboek is 13 hoofstukke lank, ja ons kan meer as 'n jaar spandeer om sistematies deur die boek te werk - maar daar is nog meer aspekte van God se raadsplan as wat in hierdie boek bevat is. Om maar 'n voorbeeld te noem: In Heb 13:20 verwys die skrywer kortliks na Jesus as die Herder van die skape, en ook na sy opstanding uit die dood. Hierdie is aspekte wat geen aandag in die boek ontvang het tot hiertoe nie. Onthou, hierdie is maar een van 66 boeke in die Bybel. Ja, daar is oorvleueling met ander boeke, maar God se plan bevat veel meer detail as wat in Hebreërs beskryf is. Die skrywer het egter hierdie materiaal gekies onder leiding van die Heilige Gees omdat hy hiermee die spesifieke situasie onder die Hebreërs wou aanspreek - en dit is wat leiers moet doen. Hulle moet aan die kudde wat hulle versorg, God se Woord verkondig om hulle sodoende aan te spoor.

Dit is tog in lyn met wat Paulus vir Timoteus geskryf het in 2 Tim 3:16-17 - "Elke Skrifdeel is deur God geïnspireer, en is nuttig vir onderrig, weerlegging, teregwyding, en opvoeding om God se wil te gehoorsaam, sodat die mens wat aan God behoort, bekwaam kan wees, ten volle toegegerus vir elke goeie taak". Dit is die verantwoordelikheid van leiers om die Woord van God te verkondig sodat die Woord die effek kan hê om gelowiges toe te rus vir elke goeie taak. Paulus sê vir Timoteus: "Ek vermaan jou ernstig voor God en Christus Jesus, wat die lewendes en die dooies gaan oordeel, en ook met die oog op Sy verskyning en Sy koninkryk: Verkondig die Woord, hou tydig en ontydig aan, weêrlê, bestraf, bemoedig in alle geduld en deur lering" (2 Tim 4:1-2). Let op hoe Heb 13:22 sê dat die skrywer by sy lesers pleit dat hulle die boodskap van aansporing moet aanvaar. Leiers moet erns maak daarmee dat wat hulle verkondig wel 'n effek het in die lewens van die kudde. Hulle moet verkondig en pleit en weêrlê en bestraf en bemoedig - hulle moet worstel sodat daar vrug op die verkondiging kan wees.

5. **Leiers moet streef na geloofsgemeenskap (Heb 13:19,23-24):** Die feit dat die skrywer hierdie brief aan sy lesers geskryf het, is alreeds 'n aanduiding dat die skrywer besorgd is oor hulle, en met hulle gemeenskap beoefen deurdat hy 'n brief saamstel met 'n inhoud wat spesifiek op hulle situasie gerig is. Maar in hierdie laaste paar verse van die brief is daar verskeie aanduidings dat hy nog verder met hulle wil saamleef en gemeenskap hê:
 - a. Lees Heb 13:19. Hier vra die skrywer dat sy lesers sal bid sodat dit moontlik sal wees dat hy binnekort na hulle toe kan kom. Ja, dit is een ding om 'n brief te skryf, maar hy sal graag die brief wil opvolg met 'n besoek. Dan sal hy kan sien hoe hulle gereageer het op die inhoud van die brief, en soos wat dit nodig mag wees, die saak verder hanteer.
 - b. Lees Heb 13:23. Blykbaar was Timoteus in die tronk, en is pas vrygelaat. Die punt is dat die skrywer graag Timoteus sal wil saambring wanneer hy na die Hebreërs gaan. Dan is daar nog meer geleentheid vir gemeenskap, selfs ook met Timoteus. Uit die

feit dat die skrywer Timoteus ken, en siende dat Timoteus nou saamgewerk het met Paulus, is dit ook hoogs waarskynlik dat die skrywer gemeenskap gehad met Paulus, en moontlik ook die ander apostels.

- c. Lees Heb 13:24. Hier stuur die skrywer groete aan die leiers van die Hebreërs, asook aan al die heiliges, oftewel aan al die gelowiges in hulle midde. Die skrywer was waarskynlik bekend met hierdie leiers. En dan is daar ook nog die Italianers wat by die skrywer was, en ook groete stuur vir die Hebreërs.

Uit al hierdie voorbeelde is dit duidelik dat die skrywer hom beywer vir gemeenskap tussen gelowiges. Hierdie gemeenskap strek verder as die plaaslike gemeente – dit sluit homself, die Hebreërs en hulle leiers, Timoteus en selfs die Italianers in. Leiers behoort hulle ook te beywer vir gemeenskap tussen gelowiges – immers vorm al die gelowiges saam die liggaam van Christus.

Rol van die ondergeskikte gelowiges

Kom ons kyk vervolgens na 'n paar implikasies vir die optrede van gelowiges wat ondergeskik aan hulle geestelike leiers moet wees.

1. **Gelowiges moet ag slaan op die Woordverkondiging (Heb 13:22):** Lees Heb 13:22. Ons het gesien leiers het die verantwoordelikheid om God se Woord te verkondig – hulle moet verkondig, pleit, weerlê, bestraf en bemoedig. Dit verg baie tyd, baie studie en baie moeite van die leiers. Maar nog meer belangrik: die Woord kan die gelowige bekwaam maak sodat hy toegerus kan wees vir elke goeie werk – daarom moet gelowiges aandag gee aan die Woordverkondiging en dit gebruik sodat dit die gewenste vrug in hulle lewens tot gevolg sal hê. Die vraag aan die Hebreërs, en dus ook aan ons, is: Wat gaan ons doen met die inhoud van die Hebreërboek? Ons het baie tyd daaraan spandeer oor 'n periode van meer as 'n jaar – wat is die effek van hierdie bestudering op my en jou lewens? Bring ons meer looffers soos wat ons laasweek van geleer het? Verander dit ons lewens sodat daar daad van goedheid en mededeelsaamheid is – soos wat God behae in het?

Kan ek ook nog die opmerking maak: Daar word dikwels kaspie gemaak teen sogenaamde leerstellige prediking. Daar word geredeneer prediking moet eerder prakties wees – sodat gelowiges kan leer wat hulle prakties moet gaan doen. Wel die Hebreërboek is een van die meer leerstellige boeke in die Bybel. Daar word groot en soms moeilike onderwerpe behandel: dink maar aan Jesus as Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek, of Jesus as die Middelaar van die Nuwe Verbond. En tog is dit die inhoud wat die skrywer, onder die leiding van die Heilige Gees, insluit in sy brief aan mense wat wonder of hulle nie hulle geloof moet prysgee nie. Dit is net eenvoudig so: hoe meer 'n gelowige leerstellig verstaan, hoe meer word hy opgewonde oor God en Sy werk, hoe meer inhoud is daar in sy looffers aan God, en hoe stewiger staan hy as die duiwel en die wêreld hom wil pootjie. Ek lees die afgelope week weer hoe Petrus sy tweede brief begin: “Mag genade en vrede in oorfloed aan julle geskenk word, deur julle kennis van God en van Jesus, ons Here” (2 Pet 1:2). Boeke soos Hebreërs leer ons juis kennis oor God en ons Here Jesus, en as ons ag slaan hierop kan ons verwag om genade en vrede in oorfloed te ontvang.

2. **Gelowiges moet gehoorsaam en onderdanig wees aan hulle leiers (Heb 13:17):** Lees Heb 13:17. Gelowiges moet onthou hulle leiers is deur God aangestel, en God verwag van hulle om gehoorsaam en onderdanig te wees aan hierdie leiers. Hierdie leiers het 'n groot verantwoordelikheid – hulle moet oor ons siele waak, en hulle moet oor hierdie

verantwoordelikheid rekenskap gee aan God. Dit sal goed wees vir ons siele as ons na hierdie leiers luister. Natuurlik is dit so dat al hierdie leiers ook nog sondige en onvolmaakte mense is. Natuurlik moet ons weeg wat hulle ons leer. Natuurlik was daar al leiers wat die pad byster geraak het. Natuurlik moet ons aan God meer gehoorsaam wees as aan ons menslike leiers. Maar ons as gelowiges se vertrekpunt behoort te wees dat ons gehoorsaam en onderdanig wil wees aan ons leiers. Ons het vroeër gesien dat 1 Pet 5:3 leer dat die leiers nie baasspelerig oor die kudde moet wees nie. Netso moet ons as die kudde nie foutsoekigerig wees teenoor ons leiers nie. Hoekom nie? Lees weer Heb 13:17. As ons onnodig foutsoekigerig is, sal ons leiers nie meer hulle werk met vreugde kan doen nie, nee, hulle sal dit al sugtend doen – en dit sal nie vir ons siele goed wees nie. En dit sal tot gevolg hê dat ons en ons leiers se lofoffers aan God, skade lei. Ons lees in 1 Tess 5:12-13: “Maar ons vra julle, broers, om respek te betoon aan diegene wat ywerig onder julle werk, en julle in die Naam van die Here voorgaan en tereg wys, en om, op grond van hulle werk, in liefde en met die hoogste agting teenoor hulle op te tree”.

Onthou verder wat ons laasweek in Heb 13:7 geleer het: dat ons ons leiers se geloof as voorbeeld moet neem. Bo en behalwe dat ons kan leer van dit wat ons leiers ons leer, kan ons ook leer van hulle voorbeeld – in soverre as wat hulle voorbeeld Christus navolg.

3. **Gelowiges moet vir hulle leiers bid (Heb 13:18):** Lees Heb 13:18. Die Hebreërskrywer het vir sy lesers gevra dat hulle vir hom moet bid. Hy het ook gevra dat hulle spesifiek moet bid dat dit moontlik sal wees dat hy hulle kan besoek. Wanneer ons leiers vra dat ons vir hulle moet bid, dan moet ons dit doen. As hulle vra dat ons vir 'n spesifieke saak moet bid waaraan hulle besig is om te werk, dan moet ons dit doen. Trouens, al vra hulle nie spesifiek nie, behoort ons dit in elk geval te doen. Ons behoort gereeld vir hulle te bid. Ons behoort met vrymoedigheid na God se genadetroon te gaan om vir ons leiers te pleit. Immers waak hulle oor ons siele. Immers gaan God van hulle rekenskap vra oor hulle rol. Hulle het 'n groot verantwoordelikheid met ewigheidsimplikasies – vir ons, maar ook vir hulle. As ons leiers hulle daarop toelê om vir ons 'n voorbeeld te wees, as hulle hulle daarop toelê om God se Woord geesdriftig aan ons te verkondig, as hulle hulle daarop toelê om vir ons te bid, as hulle hulle daarop toelê om gemeenskap tussen gelowiges te bevorder, behoort ons ons tog sekerlik daarop toe te lê om gereeld en getrou vir hulle te bid.

Opsomming

God is 'n God van orde. Jesus Christus is die Hoof van die kerk. Die kerk bestaan uit baie gemeentes. En elke gelowige is 'n lid van so 'n gemeente. Al hierdie lede saam vorm die liggaam van Christus. Vir hierdie liggaam om ordelik te funksioneer, het God leiers in Sy kerk aangestel as herders van Sy kudde. Jesus as Hoof van die kerk is die Groot Herder. Elke leier is 'n onderherder onder die Groot Herder. God het groot verantwoordelikhede aan hierdie leiers gegee: Hulle moet navolgingswaardige voorbeelde wees vir die kudde, hulle moet waak oor die siele van die kudde, hulle moet bid vir die kudde, hulle moet deur die Woordverkondiging die kudde leer en onderrig, hulle bemoedig, en waar nodig hulle bestraf en tereg wys – sodat die kudde toegerus kan wees vir elke goeie werk, hulle moet gemeenskap in die kudde en tussen kuddes aanspoor. God gaan rekenskap van hulle eis oor hoe hulle hierdie verantwoordelikhede nagekom het. Vir die leiers wat met groot erns hulle taak verrig, wag daar 'n erekrans van heerlikheid wat nooit sal verwelk nie.

Ons as gelowiges moet ag slaan op wat hierdie leiers ons leer uit die Woord, ons moet gehoorsaam en onderdanig wees aan hierdie leiers wat God vir ons gegee het, en ons moet vir hulle bid. Dan sal hulle hulle werk met vreugde kan doen – en dit sal goed wees vir ons siele.